

# 15

**BLY WEG!**

## *Satanisme*

### **ALGEMENE DOELSTELLING**

Die kinders moet weet dat Satanisme ongeluk en hartseer bring.

### **SPESIFIEKE DOELSTELLING**

#### **Kennis**

Die kinders moet weet dat Satanisme –

- strydig is met die wil van God; en
- mense benadeel en ongelukkig maak.

#### **Gesindheid**

Die kinders moet in God alleen glo en Hom alleen dien.

#### **Vaardigheid**

Die kinders moet saam met hulle ouers –

- op die internet kyk hoe die verskillende simbole van Satanisme lyk;
- simbole van Satanisme kan herken en weet wat dit beteken; en
- ander ouers kan inlig en hulp verleen as hulle kinders met Satanisme te doen het.

### **MEER INLIGTING (Matteus 4: 1-11)**

Sataniste is 'n groep mense wat nie glo in Jesus Christus nie. Hulle glo nie dat Jesus vir die mens gesterf het en ons daardeur verlos het van sonde en dood nie. Hierdie mense glo dat die mens uit sy eie krag en sonder die hulp van God enigiets kan bereik wat hy of sy wil.

Daar bestaan verskillende Satanistiese groepe, onder andere die *Kerk van Satan*, die *Tempel van Set* en die *Kerk van Satanistiese Vrywording*. Niemand is seker hoeveel mense aan hierdie kerke behoort nie. Sataniste dra juwele of tatoeëermerke van Satanistiese simbole. Hulle dra swart klere en luister ook na 'n sekere soort musiek.

Omdat party kinders nuuskierig is, of as hulle bang is hulle is nie meer *in* by sekere vriende nie, eksperimenteer hulle maklik met Satanisme deur ook van hierdie juwele, tekens of klere te dra. Om daarmee te eksperimenteer, is baie gevaarlik omdat dit die eerste stap kan wees om in die bese mag van Satanisme te beland.

Die naam Satan beteken *teenstander*. Met teenstander word bedoel teenstander van God. Satanisme beskou die Christendom as vals omdat 'n Christelike manier van lewe 'n mens keer om te maak soos wat bese begeertes jou dryf om te doen. Jesus is Christene se voorbeeld van hoe om te lewe, en dit, sê hulle, stel te veel perke en gee te veel reëls en verhoed jou om te maak soos jy wil. Dit is ook deel van die rede waarom Satanisme so aanloklik is.

Wat moet 'n Christen se houding wees teenoor Satanisme? Jesus leer dit vir ons in Matteus 4: 1-11.

In hierdie Skrifgedeelte word Jesus deur Satan in die woestyn versoek. Na 40 dae het Jesus honger begin word. Satan sê toe vir Hom omdat Hy die Seun van God is, kan Hy mos maklik vir al die baie klippe in die woestyn sê om brood te word. As dit gebeur het, sou Jesus mos meer as genoeg kos hê. Jesus antwoord vir Satan dat 'n mens nie net van brood lewe nie maar van elke woord wat uit die mond van God kom. Daarmee bedoel Jesus dat dit baie belangriker is om gehoorsaam aan God te wees as om brood te hê. Satan wou hê dat Jesus sy mag as die Seun van God moet misbruik deur van die klippe brood te maak. Jesus leer ons dat God en dit wat Hy van ons vra baie belangriker is as dit wat ons self wil hê of as dit wat Satan wil hê. Om in die woestyn te wees, het in die Bybel se tyd beteken om moeilike dinge deur te maak. So slaan Satan ook baie keer op ons toe as ons swaarkry, en probeer dan om ons van God af weg te lei.

Satan versoek Jesus vir 'n tweede keer, en sê dat Hy van die hoogste punt van die tempel se dak moet afspring. God sal mos keer dat Jesus seerkry, want God belowe mos in die Bybel om Hom altyd te beskerm. Jesus antwoord vir Satan dat 'n mens God nie versoek nie.

Vir 'n derde keer versoek Satan vir Jesus. Hy wys vir Jesus al die koninkryke van die wêreld, en sê dat hy dit alles vir Jesus sal gee. Al wat Jesus moet doen om dit te kry, is om neer te val en in plaas van vir God, vir Satan te aanbid. Omdat Jesus weet dat alleen God oor die wêreld heers en 'n mens alleen vir God moet dien, stuur Hy Satan weg met die woorde: *Gaan weg, Satan, want daar staan gekrywe: Die Here jou God moet jy aanbid en Hom alleen dien.*

Wat is baie opvallend in hierdie gebeure? Jesus het elke keer vir Satan uit die geskifte geantwoord. Dit het vir ons 'n baie belangrike betekenis. Net soos Jesus, moet ons dit wat in die Bybel staan baie goed ken. Dit is hoekom ons Bybelversies, Bybelwaarhede en selfs die Kerk se liedere uit ons kop leer ken. Ons moet altyd onmiddellik die regte antwoorde uit *God se Mond* kry om Satan van ons weg te hou.

As 'n mens vir God dien, doen jy wat God van jou vra en gaan soek jy by Hom raad oor dinge wat jou pla. 'n Mens raak maklik bang en bekommerd oor jou toekoms. Baie maal sê ons vriende dat ons sekere dinge moet doen en nuwe dinge moet probeer. Ons weet nie altyd of dit reg is om dit te doen nie. 'n Kind van God gaan soek raad by God en by mense wat God se Woord ken. Wanneer ons vrae het oor sekere dinge, wanneer ons bekommerd is, kan ons by God in sy Woord gaan raad soek. Hy het altyd 'n antwoord teen Satan. Dit kan ons rustig maak, en ons kan elke dag met die hoop lewe dat God vir ons sal raad gee omdat Hy vir ons lief is. Ons moet onthou dat ons ouers ook mag vra vir raad. God gebruik ook ons ouers om deur

hulle vir ons raad en leiding te gee. Ons ouers het, toe ons gedoop is, vir God belowe dat hulle vir ons raad en leiding sal gee (kyk Les 6). Ons mag ook raad vra by dokters, beraders en baie meer, as hulle ook gelowig is en hulle laat lei deur hulle geloof in God.

Bly weg van enigiets wat te doen het met Satanisme. Eintlik is dit baie maklik. As jy ALTYD luister na dit wat God jou leer, as jy permanent Jesus se hand vashou deur te maak soos Hy sou maak, sal jy nooit in Satan se hande beland nie. Met Jesus aan die hand, sal jy nooit naby Satan kom nie, want Jesus loop nie naby Satan rond nie.

## **AANBIEDING**

### **JY HET NODIG**

- Die Bybel.
- Teks vir die rollespel.

Wys drie kinders aan vir die drie rolle. Gee die teks van rollespel vir hulle. Doen die rolverdeling. Sê dat hulle hulle ouers moet vra om hulle te help om die teks baas te raak – nie noodwendig memoriseer nie. Hulle kan dit net voorlees.

## **KOM ONS BEGIN**

Open met gebed.

### **HET HULLE ONTHOU?**

Kontroleer of hulle die volgende feite onder die knie het:

- Hoekom is die gebruik van dwelms sonde? *Omdat ek daarmee my liggaam, wat 'n tempel van God is, besoedel.*
- Vul die korrekte woord in: Mense wat dwelms gebruik, het vir God uit hulle lewens uitgeskuif en dwelms *belangriker* gemaak as wat God is.
- Wat doen dwelms aan 'n mens se liggaam? *Dwelms takel 'n mens se liggaam af.*
- Hoe gevaarlik is dwelms? *Dwelms kan tot 'n mens se dood lei.*

## **VANDAG LEER ONS**

### **BEGIN SO**

Baie maal het 'n mens raad nodig. Jy wonder oor baie dinge, en jy het nie altyd antwoorde op al jou vrae nie. Dalk het jy probleme, of kerkmense, selfs jou ouers of familie wat sê hulle is die Here se kinders, het jou seer gemaak. Dan gaan soek jy maklik op die verkeerde plek raad. As kerkmense jou seer gemaak het, draai 'n mens nie jou rug op God nie. Mense is nie God nie. As 'n mens raad soek, soek jy dit by God. Hy is die beste en Hy weet altyd die beste. Hy wil net altyd dinge wat geluk en vrede in ons lewe bring, met ons laat gebeur. Aan Satan moet jy nooit eers dink of iets met hom te doen wil hê nie. Sluit hom net uit jou lewe uit en maak of hy glad nie bestaan nie. Laat Jesus voluit, permanent, die middelpunt van jou lewe wees. Alles moet om Hom draai.

## IETS INTERESSANT

Maak 'n opsomming van MEER INLIGTING en dra dit noukeurig aan die kinders oor.

Nadat die inhoud van MEER INLIGTING behandel is, laat die drie kinders die rollespel doen:

**André:** *Haai ouens, kom kyk die nuwe ipod wat ek vir my verjaardag gekry het.*

**Lucifer** (hy is 'n Satanis): *Jy weet mos jy mag die simpel ding nie skool toe bring nie! Ek hoop Meneer vang jou uit en verbrand die gemors. Ek gaan in elk geval vir Meneer sê. Ek gaan sê hy moet dit vat en vir altyd in sy laai bêre. En dit sal jou verdiende loon wees!*

**Kategeet** (hy of sy is 'n spookstem): *Maats, Lucifer het dit gesê, want hy wil pouse die ipod gaan steel.*

**Christa** (sy is 'n Christen): *Haai André, ek is so bly vir jou part. Ek wens darem ek het ook so 'n ipod gehad. Maar weet jy wat? My pa het my gevra om die naweek die kar te was en die eerste week van die vakansie in sy kantoor te kom help fotostate maak. Hy het gesê hy gaan my daarvoor betaal. Ek gaan hom vra om my genoeg te betaal sodat ek ook 'n ipod kan koop.*

**Kategeet:** *Christa het vir haar pa gaan werk en die pragtigste ipod gekoop. Lucifer hét toe André se ipod gesteel. Die polisie het hom gevang, en hy is verbeteringskool toe.*

Hou 'n bespreking oor wat gebeur het in die rollespel.

Vra die volgende vrae:

- Hoekom, dink julle, het Christa nie daaraan gedink om die ipod te steel nie? Verskillende antwoorde sal gegee word. Lei hulle na die volgende antwoord:

*Christa is 'n kind van die Here. Die Here se reël is dat 'n mens nie ander mense se goed steel nie, want dan maak jy hulle hartseer en ongelukkig. Die Here wil mense altyd gelukkig sien. En as Christa dit gesteel het, sou sy verbeteringskool toe gegaan het. Die Here wil ook nie hê sy kinders moet gaan swaarkry in dié soort skool nie.*

- Hoekom, dink julle, het Lucifer die ipod gesteel? Verskillende antwoorde sal gegee word. Lei hulle na die volgende antwoord:

*Lucifer is 'n kind van Satan. Satan se reël is dat jy kan maak wat jy wil al maak dit ander hartseer en ongelukkig. Satan kry lekker as mense seerkry en ongelukkig is. Hy gee ook nie om of Lucifer verbeteringskool toe gaan nie. Vir hom maak dit nie saak of mense seerkry of nie. Al wat Satan wil sien gebeur, is dat mense teen God sal wees al kry hulle ook seer. Solank hy net lekkerkry, gee hy nie om vir jou nie.*

## IETS BELANGRIK

Beklemtoon die feit dat Satan ook mag het maar dat God meer mag het. Al lyk Satan se belofte hoe mooi, dit is leeg. Net God se beloftes word 'n werklikheid. 'n Mens moet wegbly van Satanisme, want dit is wat God wil hê. Hy wil hê ons moet Hom alleen dien.

Lees vir hulle Matteus 4: 1-10. Laat hulle Matteus 4: 10 memoriseer:

Maar Jesus sê vir hom: “Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aanbid, en Hom alleen dien.”

**IETS OM TE DOEN**

S	E	Y	H	X	F	E	E	B	A	P	W	F	J	U	R	T	O	O	I
B	R	D	T	H	E	W	E	P	L	G	A	V	M	L	F	K	K	G	H
E	F	G	W	O	E	S	T	Y	N	S	W	J	C	H	R	Z	E	W	W
T	T	S	E	S	W	A	V	D	P	N	I	Q	D	O	M	I	N	E	E
T	E	R	G	U	U	G	W	K	D	T	A	Z	K	R	Q	B	N	P	T
Z	B	M	B	U	D	N	G	C	Q	E	H	R	G	A	B	F	I	R	B
U	E	Q	L	A	H	F	O	N	D	E	R	W	Y	S	E	R	S	M	W
V	V	R	Y	H	E	I	D	G	A	N	V	R	B	G	K	Z	A	T	S
B	Q	R	H	R	L	A	N	Y	D	S	I	R	H	D	I	K	I	N	D
D	V	L	A	S	Y	S	S	V	U	T	N	U	R	L	Y	G	R	S	S
H	J	G	S	F	J	C	B	S	J	A	A	N	B	I	D	F	A	D	A
T	W	M	X	F	J	J	W	E	T	N	S	Y	F	R	H	R	A	D	S
U	G	C	D	Y	V	E	H	J	Q	D	A	T	D	J	Q	H	C	Y	G
U	L	E	A	N	V	Q	P	E	X	E	Y	S	O	R	V	K	G	Z	E
D	A	M	S	B	T	M	I	S	B	R	U	I	K	V	V	M	A	S	V
R	A	E	N	D	U	S	B	U	X	R	G	E	T	T	Y	E	R	T	Y
B	B	E	S	I	V	A	L	S	T	E	W	M	E	T	M	C	J	N	H
H	P	H	J	S	T	R	G	T	F	S	W	A	R	T	O	L	Z	E	J
I	E	T	Q	M	G	L	U	B	O	B	M	G	W	A	S	R	J	B	S
S	W	A	D	Y	B	L	U	O	P	Q	C	O	C	A	P	E	N	R	J

Laat hulle die skuinsgedrukte woorde tussen die letters hierbo soek, en dan die volgende tuis gaan leer:

1. Sataniste glo dat die mens uit sy eie baie kennis kan versamel en 'n god kan word.
2. Die naam Satan beteken teenstander.
3. Sataniste dra gewoonlik swart klere.
4. Sataniste beskou die Christendom as vals omdat hulle dink dat Christene se manier van lewe 'n mens se vryheid om te kan maak soos wat jy wil, wegneem.
5. Jesus is vir ons die beste voorbeeld van hoe om vir Satan teen te staan.
6. Satan het vir Jesus in die woestyn versoek.

7. As Jesus die klippe in brood sou verander om kos te hê, dan sou Hy sy Goddelike mag *misbruik* sodat Hy self daarby kon baat.
8. As Jesus van die tempel se dak sou afspring met die idee dat God Hom sal beskerm, sou Hy daardeur vir God *terg*.
9. 'n Mens moet God alleen dien en *aanbid*.
10. 'n Mens gaan soek raad by God en by mense wat God vir ons gee, soos ons *dominee*, *dokter* en *onderwysers*.
11. Ons moet van enigiets wat met Satanisme te doen het, *wegbly*.

## **BY DIE HUIS**

### **DOEN**

Laat hulle **saam met hulle ouers** op die internet kyk hoe die verskillende simbole van Satanisme lyk sodat hulle dit kan herken en kan weet wat dit beteken wanneer hulle dit elders sou raaksien.

### **LEER**

- God het meer mag as Satan.
- Ons dien alleen vir God.

### **AFSLUITING**

Verduidelik die woorde van Gesang 476: 1. Sing of lees dit dan hardop.

'n Vaste burg is onse God,  
 ons skuil in Hom, die sterke.  
 Hy is 'n vesting in die nood –  
 vir ewig staan sy werke.  
 Al kom die Bose aan  
 in sy oorwinnaarswaan,  
 ons weet by al sy lis,  
 sy lot is reeds beslis –  
 God self stel aan hom perke.

Sluit af met gebed.

### **BELANGRIK!**

- Reël met die kategete uit grade 4 tot 6 om kinders aan te wys vir volgende week se rollespel. Maak afskrifte van die rollespel in Les 16, en gee dit vir die kinders. Doen die rolverdeling. Vra dat hulle ouers hulle moet help om die woorde te leer. Hulle mag hulle papiere tydens die rollespel gebruik.
- Reël met 'n diaken wat die binnewerke van die diakonie goed ken, om vir die kinders te vertel hoe die gemeente plaaslik en oor die hele land by barmhartigheidswerk betrokke is, en waarom die gemeente dit doen.